

Sondag 30 Oktober

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15

Fokusgedeelte: Kolossense 2:6, 7

Geloof lei tot dankbaarheid

Paulus begin hierdie gedeelte met die woord “aangesien”. Dit beteken dat wat nou volg, ’n blote feit is. Paulus herinner sy lesers aan die feit dat hulle vir Christus aangeneem het, maar moedig hulle nou aan om verder te gaan.

Hoe moet hulle aangaan? Paulus gebruik twee woorde om dit te beantwoord – in Hom gewortel, en op Hom gebou. Daardie “Hom” is natuurlik Christus Jesus, ons Here. Met ander woorde, ons geloof begin by Christus, maar ons geloof gaan ook verder in Christus, dit word gewortel in Hom, bedoelende alles waarvan ons leef, wat ons is, wat ons doen, kom uit Christus uit. Ons dink aan die beeld van ’n boom wat by ’n waterstroom staan, so staan ons as God se kinders met ons wortels as’t ware in Christus. Net soos ’n boom sy lewe uit sy wortels kry, so kry ons ons lewe in Christus.

In ons belydenis stel ons dit ook so mooi: Ons behoort in lewe en in sterwe, met liggaam en siel aan Christus. As ’n boom nie wortels het nie, kan hy nie leef nie. As ons nie in Christus is nie, dan is ons net so verlore soos daardie boom. As ons wortels reg is, dan sal ons groei, dan kan ons bou op Christus. En hierdie “bou” word bietjie verder verklaar: ons bou deur in die geloof vas te staan en dankbaar te wees. Die lewe se aanslae sal die wortels van ons geloof toets, dus bou ons deur vas te staan in die geloof.

En dankbaarheid – om elke dag te lewe vanuit die Waarheid, deur elke dag God met woord, daad, sang en lied te dank vir Christus wat ons Lewende Water is! Lei jou geloof tot sulke dankbaarheid?

Sing: Psalm 97-1:7

Ds. DG Zwemstra (Dinant (Strand))